# Belasting NUUSBRIEF

November 2025 / Vol 4

## ‘Registered Representatives’ by SARS

In hierdie uitgawe wil ons jou graag op hoogte hou van die nuutste insigte en noodsaaklike prosesse rondom ‘Registered Representatives’ by SARS, en hoe ons jou kan bystaan om jou belastingverpligtinge glad te laat verloop.

### Wat is ’n SARS Registered Representative?

’n Registered Representative is ’n persoon wat formeel aangestel is om namens ’n regspersoon - soos ’n maatskappy of trust - met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) te kommunikeer en belastingaangeleenthede te hanteer. Hierdie persoon kan byvoorbeeld ’n ‘Public Officer’,’ Main Trustee’, ‘Accounting Officer’, ‘Liquidator’, of soortgelyke amptelike aanspreekpersoon wees.

### Waarom is die aanstelling van ’n ‘Registered Representative’ belangrik?

SARS vereis dat elke entiteit ’n enkel amptelike verteenwoordiger by hulle geregistreer het.

## Belangrik:

Kantoor sal toe wees:
12 Des 25 - 5 Jan 26

VECTIGAL ACCOUNTING



**Hoe om ’n Registered Representative te registreer of op te dateer**

Jou SARS- verteenwoordiger kan geregistreer of op datum gehou word sonder ’n eBooking-afspraak, en die proses kan volledig aanlyn via eFiling of via die SARS Online Query System (SOQS) afgehandel word.

**Stappe op eFiling:**

Volg link op SARS webtuiste: https://tools.sars.gov.za/sarsonlinequery/RegisteredRepresentative

Verskaf al die nodige besonderhede oor beide die entiteit en die verteenwoordiger.

Laai die vereiste dokumente op en klik “Submit”.

**Dokumentversoek sluit in:**

’n Geskrewe Brief van Aanstelling of ‘Power of Attorney’;

Sertifikaat van registrasie/inkorporasie of trustakte, bv. COR14.3 / Disclosure.;

’n Gesertifiseerde afskrif van ID of paspoort van die verteenwoordiger;

’n “Selfie” van die verteenwoordiger wat hul ID hou met die nota “Update my details”;

Bewys van woonadres (nie ouer as ’n paar maande nie).

SARS sal jou versoek binne 21 werksdae verwerk, waarna jy ’n e-pos ontvang met die uitkoms en ’n saaknúmero sal hê vir navraag indien nodig

VECTIGAL ACCOUNTING

**Wie kan jou verteenwoordiger wees?**

Die rol kan toegeken word aan verskeie geskikte persone, afhangende van jou entiteit se struktuur:

**Vir maatskappye:** Public Officer, Liquidator, Administrator

**Vir trusts:** Main Trustee, Executor, Administrator

**Vir vennootskappe of nie-winsgewende entiteite:** Main Partner, Accounting Officer, Treasurer, ens.

**Vir individue:** Parent/Guardian, Curator, Executor

**Ons kan help**

Indien jy onseker is oor wie die beste geskikte persoon is om as jou SARS-verteenwoordiger aan te stel, of hulp benodig met die dokumentasie en aanlyn proses, kontak ons gerus. Ons span is bereid om te verseker dat jou belastingwerk professioneel bestuur word en dat jou SARS-verteenwoordiger korrek en betyds geregistreer is.

**Afsluiting**

Die korrekte aanstelling en opdatering van jou SARS-registered representative is van kardinale belang vir sekuriteit, wettige konsekwentheid en om foute of vertragings in jou belastingproses te voorkom. Ons staan gereed om jou deur hierdie proses te ondersteun.



076 051 6559
admin@vectigal.co.za
www.vectigal.co.za